Hermanusdoorns Aandeleblok Bpk

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE HERMANUSDOORNS OP

11 Augustus 2012 OM 11H00

1. Welkom

Die Voorsitter open die vergadering om 11h00 en verwelkom alle aandeelhouers teenwoordig en Mnr Michael Ficker, 'n nie-uitvoerende raadslid, en 'n spesiale woord van verwelkoming aan alle nuwe aandeelhouers.

2. Verskonings

Verskonings was ontvang van die volgende persone:

Floors du Plessis
Dawie Botha
Mathilda Moore
Oppel Greeff

3. Kennisgewing van Vergadering en Kworum

Daar is 59 van die 100 aandeelhouers teenwoordig in persoon of wat deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word. Die Voorsitter verklaar dat dit 'n kworum vorm en die verrigtinge kan voortgaan. Die Voorsitter het beklemtoon dat 30 stemme nodig is om 'n gewone resolusie te aanvaar en 45 stemme om 'n spesiale resolusie te aanvaar en van krag te maak.

Die Voorsitter verduidelik dat stemming sal geskied by wyse van die opsteek van kaarte, met elke kaart wat een aandeel en dus ook een stem verteenwoordig.

Keith Smith en Jurie Venter bied aan om as stemregters op te tree en te help met die onafhanklike tel van stemme.

4. Voorsittersverslag

4.1 Die Voorsitter het 'n gedetaileerde voorlegging gegee van die vorige jaar se aktiwiteite, insluitend die fauna en flora, reënval, veld-assessering (veld studie), ens. Hy het beklemtoon dat die stand van debiteure 'n onaanvaarbare vlak bereik het. 25% van die aandeelhouers betaal laat en met nog R210 000 uitstaande op 31 Julie 2012. Daar sal geen verskonings "zero tolerance" aanvaar word vir laat betalers nie en regstappe sal geneem word en aandele sal selfs op veilings verkoop word, indien nodig.

Dit het onder die direksie se aandag gekom dat die plaas in die verlede nie voldoen het aan die Ongevallewet, maar hierdie saak is nou reggestel en gelukkig was daar geen ongelukke of insidente tot dusver nie.

Sekuriteit is 'n groot bron van kommer, en die plaasbestuurder sal nie meer reageer op alarms in die nag nie, maar eerder die volgende dag gaan ondersoek instel. Aandeelhouers word aangemoedig om radios vir sekuriteitsdoeleindes en vir die gebruik van moontlike vuur waarskuwing te installeer. Daarbenewens word alternatiewe hekmonitering en nag patrollies oorweeg.

'n Aantal voorvalle van aandeelhouer inmenging die afgelope 2 jaar (insluitend diè voorvalle van die Departement van Arbeid en Lephalae Munisipaliteit) het die aandeelhouers heelwat ekstra geld gekos, ondermyn die Direksie en het baie tyd in beslag geneem om op te los. Aandeelhouers moet enige kwessie direk met die Direksie aanvoer.

Die voorsitter se aanbieding kan besigtig word op die webwerf.

4.2 Die Voorsitter het die finansiele state vir die jaar geeindig 28 Februarie 2012 voorgele en bedank die Ouditkomitee wat bestaan uit Attie du Plessis en Willie Botha vir hul insette en tyd bestee

.

Daar was 'n groot verandering in 2012 in die aanbieding van Jaarlikse Finansiele State (JFS) vir Aandeleblok maatskappye. Beide die ou en die nuwe formaat is in die JFS ingesluit om dit makliker te maak vir aandeelhouers vir vergelykende doeleindes.

Willie Botha verduidelik aan die vergadering die belangrikste veranderinge, veral die behandeling van bates, wat nie meer in die maatskappy se JFS weerspieël word nie aangesien dit aan die aandeelhouers behoort en nie aan die maatskappy nie. Dit beteken dat bates wat aangekoop word, is ten volle verreken in die Inkomstestaat van die jaar van aankoop

5. Algemene Sake

a. Gewone Resolusie 1

Afgehandel as Gewone Resolusie 1 vir die goedkeuring van notules van die vorige AJV gehou op 3 September 2011.

Die resolusie was voorgele vir stemming.

Voorgestel: Mnr P Groenewald
Sekondant: Mnr K Smith

Eenparig aanvaar.

b. Gewone Resolusie 2

Afgehandel as Gewone Resolusie 2 vir die ontvangs en aanneem van die Maatskappy se JFS (Jaarlikse Finansiele State) vir die jaar geeindig 29 Februarie 2012 tesame met die verslae van die direkteure en ouditeure.

Die resolusie om die JFS te aanvaar was voorgele vir stemming.

Voorgestel: Mnr K Smith
Sekondant: Mnr H Venter

Almal ten gunste en die resolusie is aanvaar.

c. Gewone Resolusie 3

Afgehandel as Gewone Resolusie 3 om Russel James and Company Incorporated (Inkorporeer Core Chartered Accountants (SA) as ouditeure vir die Maatskappy te behou tot afhandeling van die volgende AJV.

Voorgestel: Mnr S Stephen
Sekondant: Mnr A Du Plessis

Almal ten gunste en die resolusie is aanvaar.

d. Gewone Resolusie 4

- Inleidend tot Gewone Resolusie 4

As ‘n gevolg van die veranderinge aan die Maatskappye Wet, is dit ‘n vereiste dat ‘n nuwe Akte van Oprigting (“MOI”) aangeneem word deur die maatskappy. Die “MOI” wat voorgestel is vir goedkeuring bevat die bestaande Statute van die Maatsakppy asook alle Spesiale Resolusies wat tot op datum aanvaar is.

Algemene besluit 4 was teruggetrek voor die AJV en nie vir stemming voorgelê nie, as gevolg van die kompleksiteit van die huidige ontwerp wat aan aandeelhouers gesirkuleer is voor die AJV. Dit sal verder deurgewerk word en voorgelê word by die volgdende AJV.

Mnr Willie Botha verskaf duidelikheid aan die vergadering dat die bestaande Statute en Akte van Oprigting outomaties die nuwe “MOI” is.

6. Spesiale Sake

i. Inleidend tot Spesiale Resolusie 1

In ‘n vorige AJV (2006) was ‘n gewone resolusie aanvaar en ingestem wat verhoed dat aandele in ‘n sindikaat mag wees. Op versoek van aandeelhouers by die AJV van 2010, is die Direksie getaak om hierdie resolusie te her-oorweeg en indien enigsins moontlik ‘n werkbare voorstel voor te lê wat die oordrag van aandele na meer as een individu moontlik sal maak. Hierdie versoek het veral betrekking op huidige aandeelhouers wat hul aandeel wil nalaat aan hul kinders in die geval van hul afsterwe. Dit sal dan ook van toepassing wees op aandele wat tans nie deur ‘n natuurlike persoon gehou word nie. Omrede daar geen oplossing vir hierdie voorstel by die 2010 AJV was nie, was die Direksie getaak om dit te heroorweeg vir die 2012 AJV en dan voor te lê vir oorweging.

Die beginsels wat aangeneem is in die opstel van die resolusie was:

- Die fasilitering van maklike oordrag van aandele vir ‘n aandeelhouer aan gespesifiseerde begunstigdes in die geval van die aandeelhouer se afsterwe.
- Die toelating van vormning van sindikate – om voorsiening te maak vir veelvuldige eienaars of eienaarskap deur middel van ‘n privaat maatskappy .
- Die toelating van eienaarskap in die vorm van ‘n Trust om boedelbeplanning te fasiliteer
- Die plaas te beskerm teen potensieële “oor bevolking” deur die plasing van beperkinge en voorwaardes op aandele gehou deur ‘n sindikaat.
- Om te verseker dat Hermanusdoorns Aandeleblok genoegsame befondsing ontvang deur middel van heffings en ander maniere om sindikaat eienaarskap te ondersteun.

Die bogenoemde in die volgende voorgestelde resolusie is bereik deur:

- Bestaande sindikate kan onveranderd voortgaan op voorwaarde dat die bestaande struktuur onveranderd bly.
- Instelling van ‘n “Oordag Fooi” wat gehef sal word indien bestaande aandeelhouers wil omskakel na ‘n sindikaat of indien bestaande sindikate die sindikaat struktuur wil verander.
- Instelling van “Spesiale Heffings” vir alle nuwe gesindikeerde eienaarskap.

Met die toestemming van die vergadering is die resolusie in 4 dele verdeel:

- Spesiale Resolusie 1a - Bestaande Sindikate
- Spesiale Resolusie 1b - Nalatingskap/Erfenis
- Spesiale Resolusie 1c - Familie Trusts

- Spesiale Resolusie 1d - Nuwe Sindikate

ii. Resolusie

Besluit as Spesiale Resolusie 1a tot 1d dat die volgende klousules in die Akte van Oprigting bygevoeg word:

OORDRAG VAN AANDELE AAN MEER AS EEN PERSOON (SINDIKATE)

Spesiale Resolusie 1a – Bestaande Sindikate

(a) Bestaande Sinikate onveranderd sal by en toegelaat word om voort te gaan soos dit tans is, tensy daar 'n verandering aan die sindikaat stuktuur is

(b) Bestaande heffing stukture sal van toepassing wees as volg (Tabel A)

(c) Die presiese samestelling van die sindikaat moet bewys word elke jaar in Februarie om die toepaslike heffing te bepaal. Dit geld vir alle aandele geregistreer in wettige strukture anders as die van 'n natuurlike persoon.

Table A : Existing Levy Structure

		Levy %	2012/13 Actual Levy
Non Resident		100%	17 350.00
	Individual	100%	17 350.00
	Trust	100%	17 350.00
	Company	100%	17 350.00
Syndicate - Non- Resident			
	1 Member	100%	17 350.00
	2 Members	133%	23 133.33
	3 Members	167%	28 916.67
	4 Members	200%	34 700.00
Resident		180%	31 230.00

Voorgestel: Mnr C Frischmuth
Sekondant: Mnr J Venster

Vir : 57
Teen : 1
Buite stemming : 1

Die resolusie is aanvaar

Spesiale Resolusie 1b – Nalatingskap/Erfenis

In die geval van dood van 'n aandeelhouer

- Die aandeel kan verdeel word deur die aantal begunstigdes.
- Die totale heffing sal bepaal word deur die aantal begunstigdes soos per die onderstaande tabel (Tabel B) maar wat gehef word in gelyke dele aan elkeen van die begunstigdes.
- Geen omskakelingsfooi van toepassing sal wees nie.
- Deel aandele moet gehou word in die individuele begunstigde se persoonlike naam.

Table B : Inheritance (Existing Shareholders Only)

Purchase Price	R 100 000

Note: Based on 2012/13 Levy Structure

No of Beneficiaries	Conversion Fee	Levy % of Non Res	Levy Per Beneficiary	Family Levy	Individual Member Levy
1	R 0	100.0%	100.0%	R 17 350.00	R 17 350.00
2	R 0	115.0%	57.5%	R 19 952.50	R 9 976.25
3	R 0	130.0%	43.3%	R 22 555.00	R 7 518.33
4	R 0	145.0%	36.3%	R 25 157.50	R 6 289.38
5	R 0	160.0%	32.0%	R 27 760.00	R 5 552.00
6	R 0	175.0%	29.2%	R 30 362.50	R 5 060.42
7	R 0	190.0%	27.1%	R 32 965.00	R 4 709.29
8	R 0	205.0%	25.6%	R 35 567.50	R 4 445.94
9	R 0	220.0%	24.4%	R 38 170.00	R 4 241.11
10	R 0	235.0%	23.5%	R 40 772.50	R 4 077.25

Voorgestel: Mnr J van Lingen
Sekondant: Mnr S Gericke

Vir : 57
Teen : 1
Buite stemming : 1

Die resolusie is aanvaar

Spesiale Resolusie 1c – Familie Trusts

Aandele mag verkoop / transporter word na 'n Familie Trust onder die volgende voorwaardes:

- Die Trust begunstigdes is bloedverwante in die sin dat die Trust gestig is as deel van 'n boedel beplanningsproses.
- 'n Omskakelingsfooi is betaalbaar en word bepaal deur die aantal begunstigdes in die Trust (Tabel C).
- Die totale heffing sal bepaal word deur die aantal begunstigdes soos per die onderstaande tabel (Tabel C) en gehef word direk aan die Trust.
- 'n Geouditeerde sertifikaat (CK document) van die Trustee- en Begunstigde besonderhede moet ingedien word by Hermanusdoorns Aandeleblok in Februarie van elke jaar.

Table C: Family Trust Levy Structure						
Purchase Price	R 100 000			Note: Based on 2012/13 Levy Structure		
No of Beneficiaries	Conversion Fee %	Conversion Fee	Levy % of Non Res	Levy per Beneficiary	Trust Levy	Individual Member Levy
1	0.5%	R 500	100.0%	100.0%	R 17 350.00	R 17 350.00
2	1.0%	R 1 000	110.0%	55.0%	R 19 085.00	R 9 542.50
3	1.5%	R 1 500	120.0%	40.0%	R 20 820.00	R 6 940.00
4	2.0%	R 2 000	130.0%	32.5%	R 22 555.00	R 5 638.75
5	5.0%	R 5 000	166.7%	33.3%	R 28 916.67	R 5 783.33
6	6.0%	R 6 000	183.3%	30.6%	R 31 808.33	R 5 301.39
7	7.0%	R 7 000	200.0%	28.6%	R 34 700.00	R 4 957.14
8	8.0%	R 8 000	216.7%	27.1%	R 37 591.67	R 4 698.96
9	9.0%	R 9 000	233.3%	25.9%	R 40 483.33	R 4 498.15
10	10.0%	R 10 000	250.0%	25.0%	R 43 375.00	R 4 337.50

Voorgestel: Mnr Twiggs
Sekondant: Mnr W Kriel

Vir : 55
Teen : 1
Buite stemming : 3

Die resolusie is aanvaar

Spesiale Resolusie 1d – Sindikate (Veelfoudige Eienaars of Maatskappye)

Aandele mag verkoop / transporter word na 'n sindikaat met die volgdende voorwaardes:

- Beperk tot 'n maksimum van 4 aandeelhouers of sindikaat lede
- 'n Omskakelings fooi is betaalbaar en word bepaal deur die aantal lede van die sindikaat of aandeelhouers in die maatsakppy (Tabel D).
- Die totale heffing sal bepaal word deur die aantal lede van die sindikaat of aandeelhouers in die maatskappy soos per die onderstaande tabel (Tabel D).
- In die geval van die maatskappy eienaarskap:
  - 'n Geouditeerde sertifikaat (CK document) van die aandeelhouer se besonderhede moet ingedien word by Hermanusdoorns Aandeleblok in Februarie van elke jaar.
  - Die heffing sal gehef word op die Maatskappy.
- In die geval van gesamentlike eienaarskap, sal die heffing aan individuele lede in hul persoonlike hoedanigheid gehef word.

Table D : Syndicate /Company Levy Structure						
Purchase Price		R 100 000		Note: Based on 2012/13 Levy Structure		
Members/ Shareholders	Conversion Fee %	Conversion Fee	Levy %of Non Res	Levy Per Member	Syndicate Levy	Individual Member Levy
1	5.0%	R 5 000	100%	100%	R 17 350.00	R 17 350.00
2	10.0%	R 10 000	200%	100%	R 34 700.00	R 17 350.00
3	15.0%	R 15 000	300%	100%	R 52 050.00	R 17 350.00
4	20.0%	R 20 000	400%	100%	R 69 400.00	R 17 350.00

In ooreenstemming met die tabel soos hierbo uiteengesit, is die heffing per lid van ‘n sinidkaat gelykstaande aan die heffing van ‘n nie-inwoner aandeelhouer. Sindikate is beperk tot ‘n maksimum van 4 lede.

Voorgestel: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr K Smith

Vir : 52
Teen : 6
Buite stemming : 1

Die resolusie is aanvaar

Hierdie resolusie sal van toepassing wees vanaf die datum van die AJV en sal slegs van toepassing wees op nuwe aandele registrasies en oordrag van bestaande aandele.

Die rede vir en effek van die Spesiale Resolusies 1a tot 1d is vir die bepalings met betrekking tot die behandeling van Sindikaat eienaars ten opsigte van beide voorwaardes van registrasie en 'n heffing struktuur, terwyl dit beskerming bied aan die status van bestaande sindikate of aandele wat nie geregistreer is aan natuurlike persone.

7. Verkiesing van Direkteure

Geen Direkteure was op vir verkiesing of herverkiesing nie.

8. Medium en Lang Termyn Planne

Die Voorsitter het die medium en langtermyn planne voorgelê.

9. Algemeen

Daar was geen verdere punte geopper nie.

Die Direksie het hul dank aan die personeel en plaasbestuur vir hul harde werk en vir die instandhouding van die plaas wat in n goeie toestand is.

Met geen verdere sake ter bespreking, nooi die Voorsitter almal uit vir middagete.

Vergadering verdaag om 13h35.

Voorgestel:	Mnr H. Venter
Sekondant:	Mnr C. Hattingh

HERMANUSDOORNS WEB TUISTE: www.hermanusdoorns.co.za